Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# ONTWERP – EERSTE VRAESTEL (TEORIE)

# NOVEMBER 2009

# MEMORANDUM

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye

**Inleiding:**

Soos verduidelik in die Leerprogram Gids vir Ontwerp (2007), bestaan die eerste kwartaal werk vir Graad 12 uit die volgende kunsstyle:-

- Kuns- en Kunsvlytbeweging
- Art Nouveau
- Art Deco
- Modernisme
- Pop Art
- Post-Modernisme

Daarom word dit aanbeveel dat hierdie deel van die kurrikulum begin word in Graad 11. Die vrae hieroor in hierdie vraestel kan beskou word as ’n voorbeeld van wat verwag kan word. Dit word aanbeveel dat die eerste vier bewegings in Graad 11 voltooi word: Kuns- en Kunsvlytbeweging; Art Nouveau, Bauhaus en Art Deco.

## VRAAG 1

**AS 3.3** Demonstreer kennis van die teorie wat Ontwerp onderlê en terminologie wat Ontwerp beskryf.
**AS 3.4** Bespreek en verduidelik die konteks en doel van produkte, beelde, tekens en simbole wat in Ontwerp gebruik word.

1.1 Figuur 1:

- Die plat figuur wat in beweging teen die tekstuurryke agtergrond aangetoon word, herinner aan die figure wat in die rotsskilderye van die San Boesmans gevind word.
- Die ronde fatsoen waarteen die figuur geplaas is, kan 'n Afrika-drom verteenwoordig.
- Die 'Afrika-kwaliteit' van die fatsoene is verder benadruk deur die woorde 'tribaljazz'.

Figuur 2:

- Die skild is tipies van die wat deur 'n Zulu-krygsmans gedra word.
- Die horings kan die horings van 'n Afrika bok of 'n Nguni-bul, die ras beeste wat tradisioneel deur die Xhosa en Zulu kulture aangehou word, verteenwoordig.

Enige vier van die bogenoemde stellings of ander geldige antwoorde kan aanvaar word. (4)

1.2
- Die figuur kan 'n sangoma of inyanga betrokke in 'n beswymingsdans uitbeeld.
- Die konsentriese ring-fatsoene wat soos klankgolwe vanuit die drom-fatsoen uitstraal, kan 'n Afrika-ritme/-puls simboliseer.
- Die tekstuurryke agtergrond van die embleem ('logo') herinner ons aan die eintlike rotsformasie waarop die Boesmans geskilder het.

Enige twee van die bogenoemde punte of ander geldige antwoorde kan aanvaar word. (2)

1.3 Figuur 1:

- Die 'sans-serif' skrif het 'n eenvoud, wat in harmonie is met die gestileerde fatsoene wat gebruik is om 'n Afrika-tema te skep. Die gebruik van onderkas/kleinletters laat die eenvoudige lettertipe selfs meer gerond voorkom, wat in pas is met die geronde drom-fatsoen en die plat geronde fatsoene wat gebruik is om die Afrika-ritme/-puls uit te beeld.

Figuur 2:

- Die embleem ('logo') verloor sy impak deurdat die fatsoene wat in die embleem ('logo') uitgebeeld word nie heeltemal eendragtig is met die keuse van die twee lettertipe vir die volgende redes:
- Die gebruik van 'n New Roman 'serif' skrif om die naam van die natuurreservaat te adverteer is nie in pas met die Afrika-fatsoene van die skild en horings nie.
- Die eenvoud van die regop 'sans-serif' skrif wat vir die woorde 'PRIVATE GAME RESERVE' gebruik is, (alhoewel 'n bietjie meer gepas) reflekteer steeds die formaliteit van die 'serif' lettertipe, hierbo.

Enige vier van die bogenoemde punte of ander geldige antwoorde kan aanvaar word. (4)

1.4 Enige van die volgende kan oorweeg word:

Herhaling:

- Figuur 1: Daar is ŉ herhaling van sirkelvormige fatsoene. Die is in die vorm van die swart sirkelvormige fatsoene rondom die sentrale swart sirkelvormige fatsoen waarin die figuur geplaas is. Hierdie sirkelvormige fatsoene verteenwoordig 'positiewe' fatsoene. Hierdie sirkelvormige fatsoene word ook herhaal as ŉ 'negatiewe' fatsoen in die vorm van die agtergrond.

- Figuur 2: Die aanvanklike 'T' is deur die herhaling van ŉ reeks diamant fatsoene geskep en die herhaling van twee pare horings aan beide kante van die skild beklemtoon die dier-element van die reservaat en poog om ŉ formeel gebalanseerde rangskikking van fatsoene tot stand te bring. Die formele balans is verder beklemtoon deur die keuse van lettertipe en die herhaling van ŉ geronde knopfatsoen aan beide ente van die sentrale versterking van die skild.

Kontras:
Beide embleme (logo's) bestaan uit eenvoudige, monochromatiese, plat, gestileerde fatsoene teen ŉ uniform gekleurde, kontrasterende agtergrond, al is die agtergrond van figuur 1 donkerder as die van figuur 2.

Klem:

- In Figuur 1 is die klem op die gestileerde figuur wat beweeg. Al is dit ŉ negatiewe fatsoen staan dit duidelik uit, teen die donkerder positiewe fatsoen van die drom. Nie eens die keuse van lettertipe oorheers dit nie, aangesien die woorde dieselfde kleur as die res van die donker fatsoen is en die figuur ŉ onstabiele figuur-grond verhouding vorm, wat die balans tussen die lig en donker fatsoene in die ontwerp onderhou.

- In Figuur 2 is die 'T' gevorm deur die herhaling van die diamant-fatsoen, die fokuspunt. Dit kan ook verstaan word as gevorm deur die agtergrond. Dit domineer ook nie, maar rig eerder die aandag op die eerste letter van 'Thanda' en aangesien dit in dieselfde kleur as die agtergrond is, vorm dit ook ŉ onstabiele figuur-grond wat dit verhoed om die ontwerp te domineer.

Enige ander beginsel wat aangewend kan word deur gebruik te maak van ŉ goed-beredeneerde argument en wat ŉ duidelike begrip van die Beginsels van Ontwerp toon, kan oorweeg word. (4)

1.5 Uniforme Samehorigheid:
Dié wet noem dat elemente wat verbind is deur uniforme visuele eienskappe, soos lyn en kleur, blyk meer verbind. Byvoorbeeld, hulle verskyn as ŉ 'brokkie' inligting.

- In die gegewe voorbeeld bring die herhaling van dieselfde grootte blokke, elk met identiese liniêre ontwerp mee dat die oog die patroon as ŉ geheel waarneem.
- Al word die blokke herhaal in twee kontrasterende kleure en die donker liniêre ontwerp in die ligte blokke in ŉ ander rigting wys as die ligte ontwerp in die donker blokke, stel die herhaling van presies dieselfde fatsoen die verskille tersy.

Figuur-grond:
Die wet van figuur-grond verhouding, noem dat die elemente in 'n ontwerp, of as figure (objek waarop gefokus word) of grond (die res van die perseptuele veld bekend as die agtergrond) gesien word. Wanneer die figuur meer dominant is, het ons 'n stabiele figuur-grond verhouding.  Maar wanneer die agtergrond so prominent soos die fatsoene van die figure is, het ons 'n onstabiele figuur-grond.

In die voorbeeld is dieselfde blokke in kontrasterende kleure en dieselfde ontwerp binne die blokke is as dieselfde twee kontrasterende kleure aangetoon. Om hierdie rede staan die ontwerp of die individuele blokke nie uit nie, wat 'n onstabiele figuur-grond verhouding meebring.

Nabyheid:
Die wet noem dat elemente wat na aan mekaar staan as meer verwant gesien word as elemente wat verder van mekaar is.

In die voorbeeld bestaan die ontwerp uit 'n matriks van dieselfde grootte vierkante wat in twee rye kontrasterende kleure rangskik is. Dieselfde liniêre ontwerp is herhaal in al die blokke, maar met sekere verskille:

- In elke blok is die ontwerp in die kleur van die kontrasterende blok.
- In die ligte blokke is die ontwerp in een rigting georiënteer en in 'n ander rigting in die donker blokke.

Afgesien van die verskille, bring die herhaling van dieselfde vorm blok en ontwerp wat na aan mekaar geplaas is mee dat die fatsoene as 'n geheel patroon presenteer.

(6)
**[20]**

| VRAAG 1 | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5.1 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 1 | | | 2 | 3 | 6 |
| GEMIDDELD | 3 | | 3 | 2 | 2 | 10 |
| UITDAGEND | | 2 | 1 | | 1 | 4 |
| TOTAAL | 4 | 2 | 4 | 4 | 6 | 20 |

## VRAAG 2

**AS 3.5** Ondersoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat tot die ontwikkeling van Ontwerp bydra, insluitende Afrika en Suid-Afrikaanse Ontwerp, in die verlede en huidiglik.
**AS 3.6** Analiseer en interpreteer voorbeelde en soek verbande met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.

2.1

| Art Deco lessenaarklok | Bauhaus muurhorlosie |
|---|---|
| Die hoof fatsoen van die klok is langwerpig met ronde kante. Die hoof struktuur rus op 'n plat soliede basis. | 'n Eenvoudige sirkelvormige horlosie wat onversier is. |
| Daar is 'n kombinasie materiale met verskillende teksture wat in die konstruksie van die klok gebruik is, byvoorbeeld: chroom, plastiek, 'bakelite' en verskeie ander ingelegde materiale is sigbaar. | Chroom is gebruik as die buitenste omhulsel en raam van die horlosie. |
| Dekoratiewe detail sluit twee vertikale chroom-projekterende fatsoene aan beide kante van die klok se voorkant in. Klassieke Art Deco eienskappe is sigbaar in die wysers van die klok aangesien 'n 'sigsag' of trapagtige argitektoniese motief gebruik is. Op die vierkantige gesig van die klok is daar 'n ingelegde blomontwerpe/klassieke sonstraal motief. Die wysers van die klok het ook ingelegde materiale. | Die Bauhaus-horlosie is eenvoudig, sonder enige onnodige versiering. Daar kan gesê word dat die Bauhaus-beginsel dat 'vorm funksie volg' van toepassing is op die horlosie se ontwerp. Hierdie beginsel word geassosieer met moderne en industriële ontwerp van die 20ste eeu. Die beginsel lei dat die fatsoen van 'n gebou of objek primêr gebaseer is op hul bepaalde funksie of doeleinde, sonder enige onnodige detail. Die Bauhaus analoog horlosie hou by sy bepaalde funksie om tyd te hou, wat by dié beginsel bly. Daar kan ook bygevoeg word dat die estetiese skoonheid by sy eenvoudige ontwerp lê. |
| Die chroom nommers is geometries met gedefinieerde reghoeke en gespitsde punte. | Die nommers is swart geronde vorms op 'n strak wit agtergrond wat die gevoel van suiwer geometriese fatsoene, byvoorbeeld die sirkel, opwek. |
| Die klok is bestaan uit klomp dele en is dik. | Moderne, ligte en eenvoudige ontwerp. |

(8)

2.2.1

- Organiese, natuurlike vorm wat in die natuur gevind word. Die ontwerpers het die natuur in juweliersware omskep. (Daar kan verwys word na Art Nouveau ontwerpers Emile Gallé en René Lalique, wat gereeld plant en dier motiewe in hulle meubel- en juweliersware-ontwerpe gebruik het.) Die ontwerpe lyk of dit uit 'n middelpunt/kern groei soos 'n blom. Figuur 8 – beeldhouagtige-proteablare.

- Figuur 9 – die vorm van motte
- of skoenlappervlerke of die gedefinieerde are van vere of blare.
- Sweepslaglyne – Duidelik in Figuur 6 - Die rankplantagtige tentakels wat hang neem die vloeiende kurwes en fatsoene van die sweepslaglyn aan. Figuur 7 - gedraaide vlekagtige fatsoen.
- Handgemaakte dekoratiewe juweliersware – Art Nouveau vakmanne het ingewikkelde en gedetailleerde juwele met die hand gemaak. (3)

2.2.2 Stilering – Dit verwys na die vereenvoudiging van fatsoene en vorms, maar nie tot so 'n mate dat dit abstrak voorkom nie. Dit sal altyd soos 'n herkenbare onderwerp lyk. In al drie die ontwerpe kan natuurlike vorms en fatsoene geïdentifiseer word, bv. Figuur 6 – 'n blom.

Ritme – Die ontwerpbeginsel van ritme is gebaseer op herhaling van elemente wat dieselfde is of slegs effens gewysig is. Dit is duidelik in Figuur 8, waar dit blyk of daar 'n progressiewe ritme van blomblaarfatsoene van klein na groot voorkom. Die ritmiese patroon is verder beklemtoon deur die oorvleueling van hierdie spitsfatsoene in 'n opwaartse en uitwaartse beweging.

Visuele Tekstuur – Daar kan gesê word dat al drie die ontwerpe visuele tekstuur bevat. Visuele tekstuur verwys na die oppervlak-voorkoms van die materiale. Tekstuur sal geskep en gefatsoeneer word deur die ontwerpers en deur die juweliersware gereflekteer word, deur die manipulasie van materiale deur 'n reeks verskillende gereedskap te gebruik. Die gepoleerde oppervlaktes van die ontwerpe stel 'n stralende, glansryke en blink visuele tekstuur ten toon.

Eenheid en verskeidenheid – Al die individuele ontwerpstukke het eenderse eienskappe en elemente, dus word hulle as verenigde ontwerpe gesien. Bv. Die eenders gefatsoeneerde blomblare van die ontwerp in Figuur 6 en 8. In beide die voorbeelde word verskeidenheid bereik deur die verskeie groottes en vorme van die blomblare. Verskeidenheid is ook bereik deur die reflekterende oppervlaktes wat 'n reeks kleure en patrone na vore bring. Alhoewel daar 'n verskeidenheid elemente is, blyk die ontwerpe steeds verenig.

Enige goed-beredeneerde antwoord wat duidelik verwysing maak na die werke kan aanvaar word. Elke definisie tel EEN punt. (3)

2.3
- René Lalique
  'Naaldekoker Borsspeld' 1
- Enige voorbeeld van 'n juweliersstuk wat gebaseer is op 'n natuurlike lewende organisme. 1
- Kromagtige, organiese lyn en vorm. Dit is eienskappe van Art Nouveau. 1
- Die stuk het gekleurde (verskeie skakerings blou en groen) emaljes op edel metale asook edelstene. 1
- Die liggaam is die van 'n vrou/insek met 'n naaldekoker se vlerke. 1
- Die is ryk versier en baie dekoratief. 1
- Dit is 'n duursame en weelderige item omdat dit van edelmetale gemaak is. 1

Enige ander geldige punte aangaande die werk (6)

2.4 Daar is baie voorbeelde wat die leerders mag kies om te bestudeer. Die voorbeelde gekies vir die memorandum van hierdie vraestel mag gebruik word om die leerder te wys hoe hierdie vraag beantwoord kan word, en kan toegepas word tot enige ander dissipline – afhangende van die leerder se keuse.

Voorbeeld 1. XHOSA KRALEWERK:

’n Kort geskiedenis:

- Kralewerk vorm al vir ’n lang tyd ’n integrale deel van die Xhosa kleding tradisie.
- Die eerste glas krale is na Suid-Afrika gebring deur Arabiese, Portugese, Hollandse en Engelse handelaars.
- Omdat krale skaars was, is hulle as baie waardevol beskou en is dikwels gebruik as handel- of ruilhandelstuk – en is later gebruik as ’n tipe geldstelsel.
- Soos die invloed van Hollandse en Engelse kulture Suid-Afrika binnegedring het, het krale al meer toeganklik en beskikbaar geword, wat die ontwikkeling van Xhosa kralewerk tot ’n uitvoerige kunsvlyt meegebring het. **MAKLIK 3** (3)

Ken drie punte toe.

Gebruik van materiale, metodes en prosesse:

- Krale is aanvanklik gemaak deur natuurlike materiale soos volstruis-eierdop en metale.
- Om ’n stuk te skep is krale vasgewerk aan rugkante uit koei- en bokvel. **GEMIDDELD 2** (2)

Ken twee punte toe.

Doelwitte/funksies:

- Kralewerk vorm deel van hul daaglikse drag, maar is ook gedra tydens spesiale geleenthede. Armbande, been-bande, halssnoere, krae, voorskote, gordels en kopbande is van die items wat as versiering gedra is. Voorwerpe soos pype en tabaksakke is versier met krale en word gedra deur verskeie lede van die stam.
- Xhosa kralewerk het ook gedien as ’n verenigende faktor vir die gemeenskap deurdat dit ’n gevoel van eendersheid en samehorigheid geskep het. Wanneer dit beskou word as versamelings, skep die kralewerk ’n visuele rekord van die stam se geskiedenis.
- Gelukbringerhalssnoere was spesifiek gebruik om skade of euwel wat kinders bedreig, weg te weer.
- Lede van die Xhosa samelewing beweeg deur verskeie lewens fases/stadiums wat gesimboliseer word deur verskeie stukke kralewerk.
- Kralewerk, sowel as die kleure wat gebruik word, kan spesifieke boodskappe oordra, bv. Wit simboliseer verligtheid, suiwerheid en bemiddeling. **GEMIDDELD 3** (3)

Ken drie punte toe.

’n Bespreking van die moontlike gebruike in kontemporêre lewe:

- Kontemporêre ontwerpers kan die tradisionele tegnieke (soos baksteensteek, sirkelagtige peyote-steek, ens.) gebruik om mode items (soos halssnoere en oorbelle) in ’n nuwe konteks te skep - nou suiwer/bloot as versiering –verwyder van hul ou sosiale konteks.
- Lewer kommentaar op die etiese kwessies – hoe het dit die tradisionele betekenis verander.
- Lewer kommentaar op die ekonomiese potensiaal – die gebruik van ’n tradisionele tegniek om ’n nuwe mark te skep. **UITDAGEND 2** (2)

Ken twee punte toe.

Voorbeeld 2. ZOELOE KERAMIEKWARE

’n Kort geskiedenis

- Keramiekware is sekerlik die oudste menslike kunsvorm.
- Die vroegste potte dateer terug na 6800 BC.
- Die keramiekproses het basies onveranderd gebly vir duisende jare.
- Die eerste potte is handgemaak, maar daar is bewys van wielgegooide potte wat al so vroeg as 2500 BC in Mesopotamië gemaak is. **MAKLIK 3** (3)

Gebruik van materiaal, metodes en prosesse:

- Zoeloe potte is gemaak met die ‘coil’ tegniek.
- Rooi en donker klei is uit die berge versamel en fyngemaal tot ’n poeier met ’n maalsteen en is dan uitgedroog totdat dit die regte digtheid en geskikte graad van rekbaarheid bereik.
- Die wande van die vat word geleidelik opgebou vanaf ’n sirkelagtige basis. Versigtige aandag word geskenk aan simmetrie asook aan die korrekte bandwydte.
- Binne- en buitewande word gevorm en gepoleer met ’n stuk kalbas, klip of metaalgereedskap.
- Wanneer die pot voltooi is word dit met komberse toegemaak en in ’n hut geplaas totdat dit leerhard is.
- Dit word dan vir sewe dae buite uitgedroog.
- Daar is twee hoof Zoeloe versieringstegnieke: toegepaste en uitgekerfde versieringe.
- Toegepaste versiering word aangewend deur klein klei balle aan potte vas te heg of deur druk van binne die pot uit te oefen om uitsteeksels aan die buitekant te vorm.
- Uitgekerfde versierings word gedoen deur patrone op die pot te teken en dan uit te kerf.
- Zoeloes maak gebruik van die putvuringsmetode – potte word ingeplaas in ’n vlak put en word bedek met droë aalwynblare en hout wat dan aan die brand gesteek word. Potte waaruit daar geëet of gedrink sou word het ’n tweede vuring ondergaan en droë beesmis was tydens die proses gebruik.
- Potte verskyn uit die tweede vuringsproses met ’n swart gesig wat gevryf word met appelliefie blare, ’n klein plat klip en diervet wat dit ’n blinkswart afwerking gee. **GEMIDDELD 2** (2)

Ken 2 punte toe.

Doelwitte/funksies:

- Fatsoene en groottes varieer volgens funksie – die grootste pot is die onversierde 'imbiza', 'n pot wat gebruik word vir kook en wat tot 40 liter tradisionele bier kan hou.
- Drinkpotte bevat 'n kruikfatsoen met 'n silindriese tuit wat mors voorkom en skink vergemaklik.
- Die 'umancishane', 'n kleiner pot, toon aan 'n besoeker wat bier ontvang het dat net in kort besoek verwag word. **GEMIDDELD 3** (3)

Ken 3 punte toe.

'n Bespreking van die moontlike gebruike in kontemporêre lewe

- Die vorms van Zoeloe potte kan aangepas word om by kontemporêre ontwerpstyle te pas en om hulle aantreklik te maak vir die kontemporêre mark.
- Versiering kan ook aangepas word om aan te pas by die huidige mark.
- Leerders moet kommentaar lewer op die etiese kwessies – hoe word die oorspronklike funksie en betekenis van die pot hierdeur geraak.

Ken 2 punte toe. (2)

(20)

**[40]**

| VRAAG 2 | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 4 | | 2 | 6 | 15 |
| GEMIDDELD | 7 | 3 | 3 | 10 | 17 |
| UITDAGEND | 1 | | | 4 | 8 |
| TOTAAL | 12 | 3 | 5 | 20 | 40 |

**VRAAG 3**

**AS 3.6** Analiseer en interpreteer voorbeelde en vind verbande met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.
**AS 3.7** Verstaan en beskryf die materiale en prosesse gebruik deur gemeenskappe of individuele ontwerpbeoefenaars.

3.1 3.1.1 Ontwerpe met 'n slim Suid-Afrikaanse identiteit/kwaliteit sal uniek Suid-Afrikaanse kwaliteite insluit wat dit onderskei van ander Internasionale ontwerpe. Hulle sal insluit:

- Plaaslike materiale: bv. hout, steen, herwinde objekte, shweshwe.
- Onderwerpe: bv. inheemse fauna, flora, patrone en teksture.
- Kleure: Die gebruik van warm ryk kleure
- Tradisionele invloede: argitektuur, kleredrag.
- Metode: Tradisionele kunsvlyt metodes bv. kralewerk en weefwerk.

Identifikasie en viering van dit wat eg Suid-Afrikaans is:

- Bring trots voort as burger van die land
- Help vier en verenig die verskillende kulture van ons land.
- Bespoedig die idée van 'n gemeenskaplike sowel as 'n multikulturele erfenis.
- Dit sal ekonomiese groei bevorder vanweë die unieke styl van die produkte wat ontwerp word.

**MAKLIK 1, GEMIDDELD 1** (2)

3.1.2 Enige van die volgende is korrek, sowel as enige ander goed-beredeneerde antwoord:

’n Suid-Afrikaanse identiteit in ’n ontwerp kan na vore gebring word deur:

- Inheemse tegnieke en materiale in kontemporêre ontwerp, te reflekteer.
- Huidige Suid-Afrikaanse kulture, te reflekteer.
- Suid-Afrikaanse flora en fauna, te reflekteer.
- Plaaslik beskikbare materiale te gebruik.
- Volkslegendes en beeldgebruik uit verskeie inheemse kennisstelsels van die verskillende kulture van die land, te ondersoek.
- Tradisionele beelde gebruik op innoverende en kontemporêre wyses, te ondersoek **UITDAGEND 3** (3)

3.2 Enige ontwerper uit die Woolworths bron ‘*Living with Design Daily’* of Craft Art South Africa deur E. Coetsee. bv. Bongiwe Walaza.

Agtergrond en opleiding:

Bongiwe Walaza: (Mode-Ontwerper) **MAKLIK 1** (1)

Bongiwe Walaza is gebore in die Oos-Kaap, in ’n klein dorpie genaamd Mqanduli. As kind het sy daarvan gehou om handwerk, soos breiwerk en naaldwerk te doen. Haar ma was ’n rokmaker en Bongiwe het vir haarself klere met van haar ma se oorskietlappe gemaak. Haar pa wou hê het dat sy ’n mediese dokter word, en het haar aangemoedig om te konsentreer op Wiskunde en Skeinat, wat daartoe gelei het dat sy geen handwerk gedoen het na Graad 9. Op die ou einde studeer sy elektriese ingenieurswese en werk by Telkom na voltooiing van haar graad.

Terwyl sy by Telkom werk begin sy om rokke vir haarself en vir kollegas te maak. Omdat sy nie gelukkig was met die kwaliteit van die rokke nie het sy in 1997 ingeskryf by die Natalse Technikon om mode te studeer. Kort daarna het sy haar eerste ontwerpstoekenning gewen, die Du Pont Lycra toekenning, sowel as ’n 10-dag reis na Parys, waar sy ontbloot was aan die Franse mode-industrie. **MAKLIK 2** (2)

Afrika invloede en inspirasie:

Bongiwe is geïnspireer deur haar Xhosa agtergrond – die landskap, deur die patrone op ‘shweshwe’ en ander Afrika tekstiele, sowel as deur die uiteenlopende kulture in ons land en wil die vele ongetapte style wat sy glo Suid-Afrika het, aanneem en uitbou. Sy voel dat sy met byna niks begin het nie, haar geleer het om te improviseer. **GEMIDDELD 2** (2)

Ontwerpsproses:

Navorsing is die belangrikste deel van die ontwerpsproses. Dit word gedoen deur skoue, uitstallings, klubs, winkels te besoek, films te kyk en koerante en tydskrifte te lees. Die sleutel tot die skep van nuwe idees, is om die invloede in ’n sketsboek vinnig neer te skryf en om die inspirasie met ’n groeiende kennis van tekstiele, mode details en teikenmarkte te verbind. Die volgende stap is om jou eie weergawe van jou inspirasie te maak deur ’n storie deur jou sketse te vertel. Dan volg die teken van tegniese tekeninge wat in groter besonderhede ingaan. Patrone word dan ontwikkel en getoets in ongebleikte linne of ’n soortgelyke lap. Wanneer jy tevrede is met die monster/toetsvoorbeeld (bekend as ’n ‘toile’) en jy jou papier patroon aangepas het kan jy ’n monster sny uit jou beplande materiaal.

**GEMIDDELD 2** (2)

Algemene eienskappe:

- Tekstuur, veral gedrukte materiaal (bv. shweshwe’) – meestal geometries in patroon – vertoon sterk in haar werk.
- Haar ingenieurswese studies het ’n gevoel vir struktuur in haar gebring wat sterk in haar werk sigbaar is.
- Sy gebruik ’n palet van net tradisionele, natuurlike materiale in haar reeks. Sy is huidiglik besig om ’n kombinasie van sintetiese en tradisionele materiale te gebruik.
- Sy voel nie aangetrokke tot hoofstroommode nie, maar leen elemente en neigings by hulle. Haar klere dra nog haar handtekening en oorspronge.

**MAKLIK 3** (3)

Ken 10 punte toe.

3.3 Verwys na TWEE internasionale ontwerpers uit van die LTSM, Design Culture Now.

Ken 4 punte toe as MAKLIK: name, voorbeelde van werke (4) ’n In-diepte bespreking en analise van ontwerpers se doelwitte, metodes en materiale sal 8 punte tel.

Leerder moet invloede wat elke ontwerper op hom/haar gehad het verskaf en hul goed verduidelik en motiveer.  Ken 3 punte toe.

Voorbeeld 1: JULIE BARGMANN (’n ontwerper wie se werk ’n belangstelling in omgewingskwessies reflekteer)

Julie Bargmann word internasionaal erken as ’n ontwerper wat besoedelde en industriële persele in die VSA (wat ernstig deur, byvoorbeeld mynwerk of die neerstort van rommel, beskadig is) hernu. Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en verander hulle tot herleefde landskappe.

Haar werk ‘Testing the Waters’ is ’n transformasie van ’n vorige steenkoolmyn tot ’n park vir suurmyndreinering en gemeenskapsontspanning. Die park bestaan uit ’n landmassa wat uitgekerf is om ’n passiewe AMD behandelingssisteem te skep wat die publiek toelaat om die suiwering van die water fisies te aanskou – soos dit deur ’n reeks bekkens en deurvoerweë beweeg en kleur verander van oranje tot groen tot blou-groen. Die park bestaan ook uit ’n tuin van rye bome en struike wat mekaar afwissel. Daar is ook ontspanningsgeriewe soos piekniekgronde, speel areas, voetpaadjies en diere.

Leerders moet ook duidelik en presies verduidelik hoe hy/sy beïnvloed is deur hierdie ontwerper. (15)

Voorbeeld 2: Thomas Heatherwick

Thomas Heatherwick word erken as beide ŉ kunstenaar en ŉ argitek. Hy is ŉ Engelse Ontwerper en is mees bekend vir sy innoverende gebruik van ingenieurswese en materiale in publieke monumente. Hy is opgelei by die Manchester Metropolitan University en die Royal College of Art in Londen.

In 1994 het hy die Heatherwick ateljee gestig. Die ateljee se werk wissel van kommersiële en residensiële bouprojekte, meesterbeplanning en infrastruktuurskemas tot hoë profiel publieke kunswerke.

Heatherwick voel dat die genre van publieke kuns gewoonlik sterk verbind is met plek en hy probeer so veel as moontlik om ruimtes verbruikers-vriendelik te maak.

Die Rolling Bridge was ontwerp vir London's Paddington Basin, UK. Dit lig van die grond af op. Sierlik en amper stil boog dit opwaarts en krul in ŉ balvorm. En dan stadig, ontkrul dit en een kant punt na die lug, voor dit terugbeweeg na die grond. Die Rolling Bridge werk met hidromeganika. Al die silinders word met ŉ konstante snelheid aangedryf ongeag die lading op die segmente, beweeg die struktuur glad en neem twee minute om oop of toe te maak. Die pompe en ander toerusting word geherberg in ŉ aansluitende gebou met die gevolg dat die brug amper heeltemal stil is wanneer dit oop of toe maak.

Die leerder moet ook kortliks verduidelik hoe hy/sy beïnvloed is hierdeur.

**MAKLIK 4, GEMIDDELD 8, UITDAGEND 3** (15)
**[30]**

| VRAAG 3 | 3.1.1 | 3.1.2 | 3.2 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 1 | 3 | 4 | 8 |
| GEMIDDELD | 1 | 4 | 8 | 13 |
| UITDAGEND | 3 | 3 | 3 | 9 |
| TOTAAL | 5 | 10 | 15 | 30 |

**VRAAG 4**

**AS 3.9** Gee ŉ kritiese oordenking oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm.
**AS 3.10** Demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die samelewing te bevoordeel.

4.1 4.1.1 In Figuur 9 het die ontwerper suksesvol die erns van die hongersnood in Afrika uitgebeeld. ŉ Stuk droë brood in die vorm van Afrika, vorm die fokuspunt en is geplaas op ŉ anders leë wit bord wat die res van die formaat vul. Beide die beelde suggereer ŉ tekort. Die bord is wit en glad wat die 'leegheid' en 'gebrek' beklemtoon en help ook om die harde, koue, onvriendelike wêreld van honger mense oor te dra. Die mes kon konfyt op die brood gesmeer het, maar dit blyk asof dit in die 'hart' van Afrika steek, wat suggereer dat Afrika 'doodgemaak' of te nagekom word. Vanuit dié area syfer ŉ stof wat konfyt kan wees, maar terselfdertyd bloed suggereer. Op ŉ subtiele wyse is die beeld wreed en skokkend en dit bring die boodskap van die sterftes bitsig tuis. Die lettertipe wat gebruik is, is klein en blokkerige – die eenvoud pas die eenvoudige beelde en help ook om die erns van die situasie oor te dra.

Enige 5 geldige, gestaafde waarnemings aangaande die effektiewe gebruik van die uitleg, beeld en lettertipe.

Figuur 10 is 'n plakkaat wat gemeenskapsbewuswording aanmoedig. Die fokuspunt is 'n fietsryer. Die figuur is treffend omdat dit hoogs vereenvoudig is en omdat dit wit is en teen 'n soliede swart agtergrond geplaas is. Die fiets is gesimboliseer deur twee perfekte sirkels wat ook aardbolle verteenwoordig. Dit bepleit dat die mens eerder fiets moet ry as om ander vervoer te gebruik ten einde koolstofdioksied uitlaatgasse te verminder en gebruik humor in die stelling 'jy verbrand nie net kalorieë nie…" om dit aan te moedig. Die inspanning van fietsry is suksesvol gesuggereer deur die gebuigde rug van die fietsryer asook die gestileerde druppels wat sweet simboliseer. Die lettertipe is eenvoudig en gerond en meestal in die onderkas/kleinletters, om by die eenvoud van die beeld, asook die vriendelike, lighartige, bemoedigende stemming van die plakkaat as 'n geheel, te pas.

Enige van die bogenoemde of enige 5 geldige, verdedigde observasies aangaande die effektiewe gebruik van die uitleg, beeld en lettertipe. (10)

4.1.2 Enige goed-beredeneerde antwoord wat duidelik verwysing maak na die werke kan aanvaar word. (2)

4.2 4.2.1 Die volgende definisies is aanvaarbaar:

Puntsisteem:
Lettergrootte word gemeet in Punte. Daar is 72 punte in een duim en die punt groottes wissel tussen 6 en 72 punte (Dit is die nommer wat jy op die skerm langs die naam van die lettertipe sien).

'Kerning':
Dit verwys na die horisontale oorvleueling van ruimte tussen twee letters op 'n enkele stuk lettertipe, byvoorbeeld To, Fi, Ti. Dit is 'n metode om die probleem van te groot ruimtes tussen letters wat die teks ongebalanseerd laat voorkom, op te los.

Tipografie:
Die kuns van drukwerk, bv. die wyse waarop lettertipe georganiseer en rangskik is om woorde, sinne en paragrawe te vorm.

Lettertipe:
Die naam van een tipe lettertipe, bestaande uit klein letters, hoofletters, figure, breuke en leestekens asook verskillende variasies in gewig, wydte en 'italics' van die lettertipe. (4)

4.2.2 Enige vier van die volgende kategorieë lettertipes is korrek:

- Goties/Swart Letter/'Fraktur' - bv. 'Old English'
- 'Old Face' - bv. 'Bembo'
- Tradisioneel - bv. 'Baskerville Old Face'
- 'Modern Face' - bv. 'Bodoni'
- Egipties - bv. 'Rockwell'
- 'Fat Face'- bv. 'Elephant'
- Sans serif - bv.Helvetica

(4)

4.3 Leerders kan verwys na enige kontemporêre ontwerper of groep wie se werk sosiale verantwoordelikheid toon, bv. die Woolworths bron '*Living with design daily*' of '*Craft Art in SA'* deur E.Coetsee. Moontlike voorbeelde sluit in Mapula, Streetwires en die Mielie gemeenskapsontwikkeling projek. Leerders moet punte ontvang vir die uitlig van doelwitte, eienskappe en invloede van die ontwerper wat verband hou met sosiale verantwoordelikheid.

Garth Walker:

Garth Walker is 'n suksesvolle en bekende Suid-Afrikaanse grafiese ontwerper. oorspronklik het die hele maatskappy bestaan uit hom en een rekenaar, maar in 1997 het hy "OJ - Orange Juice Design" gevestig.

Garth se doelwit is om 'n verantwoordelikheid teenoor die ontwikkeling van ontwerp te toon – hy bevorder 'n plaaslike ontwerpstyl gewortel in 'n Suid-Afrikaanse ervaring. Die gewone mense van Suid-Afrika is sy grootste bron van inspirasie.

Die maatskappy publiseer 'n nie-kommersiële ontwerpstydskrif, *Ijus*i, om in voeling te bly met die plaaslike kultuur waarin hul gewortel is, met die doel om geleenthede aan ontwerpers uit uitlopende agtergronde en kulture te gee om saam te werk en hul eie idees te ondersoek. Die tydskrif beeld vars idees uit, asook die werk van Suid-Afrika se top ontwerpers.

Die "Orange juice Design" ateljee se portefeulje in die ontwerp van logo's, verpakking en ander bevorderingsmateriaal van "*Impulse*", "*Canderel"* en "*Tastic Rys*".

Die Konstitusionele Hof is gebou op 'n perseel wat eens beset is deur 'n hoë-sekuriteit gevangenis – die 'Ou Fort gevangenis'.

Regdeur die apartheidsjare was die gevangenis 'n plek van onderdrukking, marteling en opsluiting. Vandag is die hof 'n simbool van gelykheid, demokrasie, waarheid, waardigheid en vryheid en sy werk is om die regte van mense soos uiteengesit deur die Konstitusie van Suid-Afrika, geformuleer na 1994, te ondersteun.

'n 'Sosiaal bewuste' ontwerp deur hierdie maatskappy is deur die unieke lettertipe ontwerp vir die interne, sowel as eksterne tekens van die konstitusionele hof. Hy gebruik die graffiti en handgeskrewe letters op die mure van die gevangenis om die basis van die nuwe lettertipe te vorm. Die doel was nie net om nuwe lettertipe te skep nie, maar ook een wat verband hou met die gebou, die perseel, sy geskiedenis en die mense van Suid-Afrika.

Om die lettertipe selfs meer simbolies te maak, word dit uitgebeeld in Suid-Afrika se 11 amptelike tale, asook in die verskillende kleure van die nasionale vlag op die fasade van die hofgebou.

**MAKLIK 2, GEMIDDELD 5, UITDAGEND 3** (10)

| VRAAG 4 | 4.1 | 4.2 | 4.3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 2 | 5 | 2 | 9 |
| GEMIDDELD | 6 | 3 | 5 | 14 |
| UITDAGEND | 4 | | 3 | 7 |
| TOTAAL | 12 | 8 | 10 | 30 |

**[30]**

**VRAAG 5**

**AS 3.11** Bespreek die basiese feite betreffende die bepaal van kostes en pryse tydens die bemarking van ŉ ontwerpsproduk of diens.
**AS 3.12** Toon ŉ vermoë om produkte en dienste te ontwerp in terme van teikenmarkte.
**AS 3.13** Begryp die besigheid- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers.

5.1 5.1.1 Suksesvolle verpakking moet die volgende eienskappe bevat:

- Aantreklikheid: Verpakking moet aantreklik wees sodat dit vinnig die verbruikers se aandag trek en belangstelling hou. Dit moet bo hul mededingers uitstaan wanneer dit op die rak geplaas word.
- Bewaring: Dit moet die inhoud bewaar.
- Leesbaarheid: Dit moet maklik wees om te lees.
- Bevredig behoeftes: Verpakking moet die behoeftes en tekortkominge van die verbruiker se lewensstyl bevredig, bv. Mense wat ŉ vinnige lewenstyl het sal verpakking benodig wat maklik oopmaak.
- In pas met huidige tendense: Verpakking moet, byvoorbeeld die huidige omgewingskwessies aanspreek en fokus op gesondheid en voeding.
- Duidelik herkenbaar: Die inhoud, produk se naam en die vervaardiger se naam en embleem ('logo') moet duidelik herkenbaar wees. Verpakking moet ook op ŉ manier verband hou met die styl van die produk.

Enige 4 van hierdie eienskappe kan genoem word. (4)

5.1.2 Metodes waarmee ŉ produk bevorder en bemark kan word:

Adverteer deur drukwerk deur gebruik te maak van bv.

- plakkate
- pamflette
- briefhoofde
- strooibiljette
- brosjures
- etikette
- besigheidskaartjies
- Radio-advertensies
- Televisie-advertensies
- Internet-/Web-bemarking

Enige 5 van die bogenoemde (5)

Die eienskappe van enige van die bogenoemde bemarkings metodes kan gelys word, byvoorbeeld:
PLAKKATE:

- Plakkate moet ŉ groot lettertipe hê wat van ŉ aanvaarde sigafstand gelees kan word.
- Moet ŉ duidelike, eenvoudige, direkte boodskap dra wat binne ŉ split-sekonde ŉ impak op die waarnemer kan maak.
- Die visuele beeld moet ook aandag trek en verband hou met die boodskap.
- ŉ Eenvoudige uitleg is essensieel – met ŉ paar hoof elemente (lettertipe en prente)

- Alle belangrike inligting moet ingesluit word, soos die datum, tyd en plek.
- Een element moet dominant wees, ten einde die oog eerste te tref – ’n opskrif of prent.
- Die prente moet in noue verband tot die boodskap of onderwerp staan.

Enige 5 van die bogenoemde kan gelys word of enige ander geldige eienskappe. (5)

5.1.3 ’n Mens moet in ag neem wat die mark in staat is om te dra. Wanneer prysbepaling korrek gedoen is, sal ’n mens die maksimum inkomste ontvang sonder om potensiële kliënte weg te jaag.

- Die koste van die materiale wat nodig is om die produk te vervaardig moet in ag geneem word, asook:
- Die koste van vervoer wat nodig is om die materiale by die produksie-plek af te lewer.
- Die koste van die toerusting wat gebruik word tydens vervaardiging.
- Die huur van werksruimte, asook algemene kostes soos elektrisiteit en water.
- Algemene administratiewe kostes (telefoon, posgeld, skryfbehoeftes)
- Verpakking en etikettering
- Bemarkingskostes
- Die kostes van arbeid wat gebruik is om die produk te bemark en te vervaardig. **MAKLIK 6** (Enige 6 punte) (6)

5.2 5.2.1 Handelsmerkgewing (‘branding’) verwys na die toeskrywing van ’n versameling simbole en/of ervarings en/of assosiasies tot die produk, dienste, besigheid of maatskappy om dit ’n spesifieke identiteit of beeld te gee. Hierdie identiteit sal help om ’n teikenmark wat sulke assosiasies ens. aanloklik vind, aan te trek en sal help om die produk maklik herkenbaar te maak binne die besigheidswêreld. (2)

5.2.2 Ja, die besigheid het ’n duidelike identiteit

Die verskillende bladsye van die webblad is gelys aan die linker kant van die bladsy in gelyk-gespasieerde en baie netjies-belynde reghoeke wat ’n kalm, stil gevoel skep. Foto’s van die produkte wat aan die reeks genoem ‘scarified’ behoort, is elk in ’n vierkant geplaas en die vierkante is in ’n rooster gerangskik om ’n groot vierkant te vorm. Die rangskikking is eenvoudig, georganiseer, staties en modern. Die produkte wat vergroot is aan die regterkant van hierdie rooster is ook in die eenvoudige reghoek geplaas wat die gevoel van eenvoud en orde wat reeds geskep is te bevorder. Hierdie eenvoudige geometriese fatsoene dryf almal op ’n groot, eenvoudige, wit agtergrond wat ook ’n stilte en suiwerheid oordra. Die formeel-geplaasde lettertipe is klein en ook eenvoudig, wat goed verband

hou met die res van die ontwerp. Die lettertipe wat vir die naam van die maatskappy ‘Imiso’ gebruik is reflekteer Afrika patrone en bind subtiel die maatskappy met hul oorsprong in Afrika. Die webwerf-ontwerp kommunikeer aan die waarnemer dat die maatskappy en sy produkte glo in eenvoud, skoon, moderne lyne, minimale versiering en suiwer vorms asook onderbeklemtoonde ontwerp. (8)

**[30]**

| VRAAG 5 | 5.1 | 5.2 | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| MAKLIK | 6 | 2 | 8 |
| GEMIDDELD | 10 | 5 | 15 |
| UITDAGEND | 4 | 3 | 7 |
| TOTAAL | 20 | 10 | 30 |

**TOTAAL: 150**

| VRAAG 1 | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5.1 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 1 | | | 2 | 3 | 6 |
| GEMIDDELD | 3 | | 3 | 2 | 2 | 10 |
| UITDAGEND | | 2 | 1 | | 1 | 4 |
| TOTAAL | 4 | 2 | | 4 | 6 | 20 |

| VRAAG 2 | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 2 | 3 | 4 | 6 | 15 |
| GEMIDDELD | 4 | 2 | 2 | 9 | 17 |
| UITDAGEND | 2 | 4 | | 2 | 8 |
| TOTAAL | 8 | 10 | 6 | 17 | 40 |

| VRAAG 3 | 3.1 | 3.2 | 3.3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 1 | 3 | 4 | 8 |
| GEMIDDELD | 1 | 4 | 8 | 13 |
| UITDAGEND | 3 | 3 | 3 | 9 |
| TOTAAL | 5 | 10 | 15 | 30 |

| VRAAG 4 | 4.1 | 4. 2 | 4. 3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 2 | 5 | 2 | 9 |
| GEMIDDELD | 6 | 3 | 5 | 14 |
| UITDAGEND | 4 | | 3 | 7 |
| TOTAAL | 12 | 8 | 10 | 30 |

| VRAAG 5 | 5.1 | 5.2 | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| MAKLIK | 6 | 2 | 8 |
| GEMIDDELD | 10 | 5 | 15 |
| UITDAGEND | 4 | 3 | 7 |
| TOTAAL | 20 | 10 | 30 |

<u>ANALISE ROOSTER</u>

| VRAAG | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | TOTAAL | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MAKLIK | 6 | 15 | 9 | 9 | 8 | 47 | 32% |
| GEMIDDELD | 10 | 17 | 14 | 15 | 15 | 71 | 47% |
| UITDAGEND | 4 | 8 | 7 | 6 | 7 | 32 | 21% |
| TOTAAL | 20 | 40 | 30 | 30 | 30 | 150 | 100% |